


# Muskiet

Donderdag 28 Junie 2018

GRATIS

Amtelike feeskoerant



BANK  
LEEN  
SPAR  
VERDIEN  
VERSEKER

WHAT'S  
your NEXT?

417868R



RUK EN ROL  
Skud jou hare los saam met die rockers

4



KINDERPRET  
Stories en optredes vir die kleinspan

7



DIGKUNS  
Eugène Marais se gedigte leef op die verhoog

8



INKOPIES  
Wandel deur die Bosmôl se stalletjies

10



Corlea Botha was een van die *Huisgenoot Afskopkonsert* se verrassingskunstenaars. Foto: Carlo Engelbrecht

## Innibos skop groot af - dis hoe ons rol!

Retha Nel

Die eerste dag van Innibos 2018 het letterlik met 'n bang afgesluit. Daar was vuurwerke, vlamme en verrassingsoptredes tydens die *Huisgenoot Afskopkonsert* by die Standard Bank-verhoog.

Sandra Jacobs, Innibos se media- en bemarkingsbestuurder vertel dat die eerste dag van die fees heel goed verloop het. Die totale kaartjieverkope het verlede jaar s'n oorskrei. Feesgangers was ook baie in hulle noppies met debuutproduksies *Kleedkamer Blues* en *Uit die Bloute*.

Innibos vier hierdie jaar hulle 15de verjaarsdag en het saam met *Huisgenoot* 'n

hele spul bekende kunstenaars gekry om die liefde tydens die fees se eerste groot aandkonsert te vier.

Die bal is aan die rol gesit met 'n energieke optrede deur Dewald Wasserfall.

Daarna het *Vir die Voëls*-sterre Simoné Nortmann en Francois Jacobs op die verhoog gestap om te vertel dat *Huisgenoot* weer 'n rolprent wat op 'n ware verhaal gebaseer is, beplan.

Corlea Botha het ook onverwags die gehoor met haar pragtige stem verras.

Juanita du Plessis vier vanjaar 20 jaar op die verhoog en het 'n lied aan haar ondersteuners opgedra.

'n Pragtige rock-verwerking van

"Blouberg se Strand" was deel van Tussen Sterre se kort optrede.

Die drie aantreklike manne van Adam het die meisies in die gehoor met "Iets in die Water" geserenade en met die tong-in-die kies "Sê My" hulle vertoning afgesluit.

Dowwa Dolla en Wicus van der Merwe het ook 'n draai op die verhoog gemaak en na 'n paar kwinksiae die Flooze na die verhoog geroep.

Cowboy-hoed op die kop, het die twee manne van Die Campbells 'n keurspel van hulle voetstamp-treffers op die kitaar uitgetokkel. Na 'n puik *Grease*-keurspel was al die hande in die lug vir die prettige "Burger Dans".

Arno Jordaan het al singend saam met aanhangers 'n selfie gaan neem, voordat Riana Nel hartlik deur die gehoor verwelkom is. Sy het 'n hele rits saamsingtreffers met "Timbuktu" afgesluit.

Lee Scott het 'n wonderlike vertolking van Lady Gaga se "You and I" gelewer.

Toe is dit tyd vir die laaste kunstenaar van die aand - Bobby van Jaarsveld.

Teen hierdie tyd het feesgangers gebiber van die koue. 'n Aansienlike deel van die gehoor het die aftog geblaas, maar die res het sommer begin dans om 'n bietjie warmer te word.

Na die optrede kon besoekers beaam dat Innibos werklik 'n "Sprokiesland" is!

DISHOE  
ONS Rol MET

SPAR



## Gesprekke met gesoute skrywers

Die gewilde skrywer Chanette Paul het Woensdagoggend talle van haar lezers by Bargain Books in i'Langa Mall ontmoet. Sy is ook Donderdag om 10:00 by die ATKV-Boeke-oase saam met die skrywer Bets Smith in 'n boekgesprek te sien. Paul gaan oor haar boek *Uit die Bloute gesels* terwyl Smith ietsie meer oor *Kringloop* gaan vertel. Die gesprek word geleid deur die skrywer en vryskutjoernalis Alita Steenkamp en kaartjies kos R32 per persoon. In die foto is Smith (regs) by haar skrywersvriendin Paul se boektekening.

## 'n Ete wat al die sintuie betower

Wat kry jy as jy top-sjef Mareli Visser, Kevin Leo, Rocco de Villiers, Neels van Jaarsveld en 'n halfdosyn ander verrassings in een resep saamvoeg? Die Innibos Verrassingsete, natuurlik! Dit is 'n driegangmaaltyd wat jy nog lank sal onthou, want daar is mos 'n sekere betowering in die onverwagse.

**Wanneer:** Vrydag 29 Junie  
**Waar:** Bateleur Landgoed  
**Tyd:** 18:00  
**Koste:** Kaartjies kos R352 en sluit topvermaak plus 'n heerlike ete met wyn in.  
**Bespreek by Computicket.**



Mareli Visser.



Neels van Jaarsveld.

## Wat sê die weerman?

Maak jou reg vir 'n lekker gematigde dag met 'n maksimum van 25°. Daar gaan 'n ligte Suidooste-windjie waai, so pak maar 'n lige baadjie of serp in. As jy beplan om tot na sononder op die feesterrein te baljaar, maak seker jy het 'n kombers of 'n lekker dik jas byderhand. Die temperatuur sal tot rondom 9° daal.

**SPLAT COMPANY**  
 INDOOR PLAY CENTRE & RESTAURANT  
 MAKE USE OF OUR  
**DROP & GO**  
 children 3 - 10 years  
 MAX 3HRS & JOIN our  
 FUN-FILLED  
**Holiday PROGRAM**  
 THIS JUNE / JULY  
 Any Enquiries:  
 Ricky: 076 942 0502  
 Tel: 013 752 2165  
 e-mail: info@thesplat.co.za

Nelspruit's favourite family tea garden  
**Milk & Honey TEA GARDEN**  
 @ Montana Garden Pavilion  
 WINNER OF Best of Mbombela READERS CHOICE AWARDS 2015/6/7  
 Debbie 071-068-4860 | OPEN 7 DAYS A WEEK  
 Kaapschehoop Rd, Nelspruit | Monday - Saturday: 8:30 - 16:00  
 Sundays / Public Holidays 8:30 - 14:30

**Chimp Eden** 10% DISCOUNT If you present this ad  
 the Jane Goodall Institute SA  
 Guided Tours: 079-777-1514  
 Tour times: 10:00 | 12:00 | 14:00  
 Adopt a chimp • Curio Shop • We are weather dependant  
 tours@chimpeden.com | info@janegoodall.co.za



Jennifer Myburgh, Phillru van Achterbergh en Candice Weber.

## Nou wie se skelmpie kry uiteindelik die jas?

Dinge in Schaap, Schaap en Zuma, 'n elegante pelssalon is nie pluis nie - alles dankys 'n pelsjas. Gaan kyk *My Man se Skelmpie se Skelmpie se Vrou*, die skreeunaakke nuwe klug onder regie van Frans Swart by Lowveld High School.

Arno Schaap (Wynand van Vollenstee), 'n flambojante ekstrovert, beplan om die pragtige jong onkleedanseres Janie (Jennifer Myburgh) met behulp van 'n peperduur pelsjas te verlei.

Ongelukkig vir mnr. Schaap is Janie getroud met Harry Vlok (Phillru van Achterbergh), wat sonder twyfel snuf in die neus



Botha Enslin raak 'n bietjie haas-erig.

sal kry as sy by die huis opdaag met 'n duur jas. Dus verminder Arno die prys daarvan drasties en Janie probeer vir Harry oortuig om die jas vir haar aan te skaf, terwyl Arno dan die verskil in die prys persoonlik inbetaal.

Harry besef dat die jas 'n winskoop is, en besluit om dit eerder vir sy skelmpie Sue Knoll (Candice Weber) te koop.

Arno is uit die veld geslaan deur die onverwagse gebeure en hy en sy assistent, Chris Haasbroek (Botha Enslin), word verder in die verleentheid gestel as Janie haar klere uittrek en weier om die salon te verlaat sonder die jas. Hulle histeriese pogings om die pels terug te kry en die naakte Janie te versteek, word verder omgekrap deur die onverwagse terugkeer van Arno se vrou, Maude (Marissa Claasen).

En asof dit nie genoeg is nie, maak Sue se man André (Francois van Rensburg) ook sy verskyning. En dan val die Kommandeur Holberg en sy vrou (Rouel Beukes en Elma Potgieter) ook tydig en ontydig in!

Die regisseur sê dat hy werkliek met heelwat "mal" klugte gewerk het, maar dat dié een dit definitief oortref. "Kyk, ek moes self kophou wie nou eintlik wie se skelmpie is. Alles begin by 'n pelsjas, want kyk 'n skelmpie is mal oor 'n pelsjas. Saam met dié jas kom aansien, 'n duur sportmotor, 'n woonstel in Ballito en vele meer.

Die arme Arno weet later werkliek nie of al die spandabelrigheid die moeite werd is nie. Sy eie planne word ook erg in die wiele gery, want net soos dit die klug behaag, boomerang al sy planne.

Daar is heelwat ander verrassings wat ons nou nie hier kan verklap nie. Al wat ek kan sê, is dat die balkon en die pelsjas self ook belangrike rolle speel," sê hy.


*My Man se Skelmpie se Skelmpie se Vrou* kan vandag om 10:00, more om 20:00 en Saterdag om 09:00 by Lowveld High School gesien word.



Jennifer Myburgh, die skelmpie, weier om sonder die pelsjas te gaan.

# Parade neem Innibos-pret strate toe

Innibos se Kuns-in-beweging-parade het gisteroggend deur Mbombela se strate gevleg as deel van die fees se amptelike opening. Byna 800 deelnemers het motoriste en voetgangers met musiek, dans en kleurvolle vlotte vermaak.



417859NH

**BY BUCO *rol* ONS DIE  
ROOI TAPYT UIT VIR ONS  
*kliënte!***

JOU EERSTE KEUSE VIR  
HARDEWARE  
EN BOUMATERIAAL

**DIS HOE ONS ROL!**

013-753-5300  
WWW.BUCO.CO.ZA  
OU PRETORIAWEG 4, NELSPRUIT

**BUCO**  
WARE•BUILDWARE

LET'S BUILD TOGETHER

TOOLS CONTRACTORS DECOR HARDWARE PAINT OUTDOOR PLUMBING ELECTRICAL TRUSSES



Piet Botha. Foto: Samantha Williams Photography.

# Hardebaarde laat die fees ruk en rol

## Arisa Janse van Rensburg

Om by Innibos te rol is een ding, maar om te rol én te ruk is so 'n belewenis dat Innibos vanjaar weer 'n hele verhoog aan die ruk-en-rollgenre wy.

Op 29 Junie kan kunstenaars soos Wit Kasteel, Bittereinder en Fokofpolisiekar op die kykNET NOU! Rockverhoog verwag word.

Die lekkerte eindig egter nie daar nie: op 30 Junie kan onder andere Just Jinger, Dan Patlansky en die veteraanrocker Piet Botha op die verhoog gesien word.

Dié rockkonserte word ingelui met die kykNET Nou!-konsert op die Standard

Bank-hoofverhoog Donderdag 28 Junie, met Karen Zoid, Francois van Coke, Valiant Swart, The Parltones, Die Heuwels Fantasties, Jan Bloukaas en Spoegwolf - behoorlike swaargewigte onder die Suid-Afrikaanse rockers.

Botha was eers die voorsanger van die legendariese groep Jack Hammer wat die verhoog vir bands soos ZZ Top geopen het.

Hy het later 'n sololoopbaan begin, het sy mees onlangse album *Spookasem* in 2011 bekendgestel en word beskou as 'n kragman in die Suid-Afrikaanse rockbedryf.

Toegang tot die rockkonsert word ingesluit by die prys van jou feeskaartjie.



Wit Kasteel.



Fokofpolisiekar.



Black Cat Bones.



Matt Carstens.



Just Jinger.



Dan Patlansky. Foto: Tobia Coetsee

Wonderboom. Foto: Anton van Straaten

## Dié 'medisyne' word met 'n rol van die tong geproe

### Mariana Balt

Eers rol jy hom diékant toe, dan dáárdiekant toe. Dan, sonder om te wonder of dit gaan goed smaak, sluk jy hom af.

Want die voggies wat in beide die oranje én die deursigtige glasie is, is immers ClemenGold-jenewer, iets wat glad nie meer onbekend aan Laevelders is nie.

Charlene Nieuwoudt was 'n gawe gasvrou by die eerste van die twee proe-geleenenthede en Inge Hofmann het die gaste meer oor dié interessante drank, wat vir baie jare slegs as medisyne bekend was, vertel.

Jenewer is glo eerste deur Arabiere gebruik (natuurlik as medisyne, wat anders?) en het die distilleerproses min of meer vervolmaak voordat die

Hollanders van dié gawe medisyne te hore gekom het. Op hulle beurt het hulle toe die stookketels wat in die vervaardiging daarvan gebruik word, ontwikkel.

Intussen het die Italianers ook met jenewer kennis gemaak, maar slegs in apteke, want dis mos waar medisyne verkoop word.

Maar dit was eers toe die Hollanders die wonderkuur vir hulle soldate vir ekstra koerasie begin voer het, dat die Engelse, téó in oorlog met hulle Hollandse bure, ook daarvan kennis begin neem het. Dit het glo ook goed teen skeerbuik gewerk.

Vandag nog is jenewer glo 'n goeie middel teen malaria ook.

Die eerste sosiale gebruik van die drank het eers na 1800 posgevat.

Genadiglik vir jenewerliefhebbers het Abraham van Rooyen van Stellenbosch se wêreld 'n klompie jare die droom begin koester om jenewer van die goue ClemenGold-vruggie te distilleer en teen 2016 het hy die drankie vrygestel.

Die jenewer wat Innibos toe gerol het, kom van die Hope on Hopkins Distilleerdery in Kaapstad.

Om dié lekker geproeëry nog aangenamer te maak, het kunstenaars Natascha C en Henry-John Williams gaste verder vermaak met hul "Prost! - Op Het Jenever Van Het Leven".

Natascha C het, buiten haar eie lirike ook dié van onder andere André Hazes, Wim Zonneveld en Édith Piaf gesing (natuurlik met 'n glasie jenewer in die hand), en Henry-John het begelei.


Diegene wat nie Woensdag by die proeëry kon uitkom nie, moet sorg dat hulle Vrydag 29 Junie om 13:00 by die ATKV-Boeke-oase by NHS uitkom. As die kaartjies uitverkoop is, maak gerus 'n plan om 'n vriend s'n van hom af te rokkel. Jy kan dít dalk regkry deur vooraf 'n paar bottels van die blink voggies daar te gaan koop en hom 'n paar glase gin en tonic in te jaag...



Charlene Nieuwoudt en Inge Hofmann.



**Jenewer is glo eerste deur Arabiere gebruik. Hulle het die distilleerproses min of meer vervolmaak**



Natascha C bedink die jenewer van die lewe met 'n glasie van die "uiters gesonde" drankie in haar hand.



Arisa Janse van Rensburg.

# As kuns jou kos is, is dít waar jy gevoed word

**Arisa Janse van Rensburg**

Kuns is net so lewensnoodsaaklik soos kos. Dit is die tema van die Oppitafel-uitstalling by vanjaar se Innibos Laeveld Nasionale Kunste fees.

Die uitstalling is Dinsdagaand amptelik met 'n feesmaal geopen. Volgens Innibos se media- en bemarkingsbestuurder, Sandra Jacobs het John-Anthonie Boerma plaaslike skilders genader om kunswerke van hulle gunstelingkos te maak.

"Hierdie kunstenaars het almal wortels in Mpumalanga - óf hulle is hier gebore, óf hulle het al hier gewoon of woon tans hier," het Jacobs by die opening gesê.

Met die aand het gaste ook die geleentheid gehad om aan die disse wat deur die

kunswerke verteenwoordig word, te smul. In plaas van 'n katalogus het gaste 'n vadoek ontvang met al die kunswerke wat daarop pryk. Gaste is ook bederf met saxofonmusiek, heerlike wyn en kuiervure om die winterkoue weg te hou.

"Soos kuns het ons kos nodig en soos kos het ons kuns nodig," het Johan Myburg, die amptelike Innibos-kurator vir die volgende drie jaar, gesê en bygevoeg dat Boerma dit reggekry het om al die sintuie aan te wakker.

"n Mens het dié twee goed nodig - nie net om in die wildernis te oorleef nie, maar om die wildernis in 'n paradys te omskep."

Die uitsalling word regdeur die week op die boonste vloer van die ATKV-Boeke-oase by Nelspruit Hoërskool Kultursentrum gehou.



Karen van der Meulen.



Maria en Gabriella Marain saam met Karen van der Meulen.



Breggie Smook en Marina Engelbrecht.



Jan en Pauline Bhuda.



Auke van der Meulen en Charl Fourie.

RM-417847NG

**innibOS**  
laeveld nasionale kunstefees

**BOSSEWAENS**

**TRAC**

**neem jou na enige  
vertoning vir slegs R10**

- Die Bossewaens vervoer jou vanaf die fees terrein na enige van die vertonings, en weer terug (retoer R20).
- Kaartjies te koop by Hek 1

**Skakel: 082 321 5443**

@TRACN4route [www.tracn4.co.za](http://www.tracn4.co.za) [facebook.com/TracN4](https://facebook.com/TracN4)

**TRAC**  
TRANS AFRICAN CONCESSIONS



# Jy kan selfs jou keel natmaak vir 'n goeie saak

**Arisa Janse van Rensburg**

Die watergate by Innibos se feesterrein gaan besoekers nie net vanjaar laat rol nie, maar hulle laat loop soos stroop.

Met 'n verskeidenheid van alkoholiese verversings om van te kies, is dit geen verrassing dat die biertente, wyntuine en afsonderlike stalletjies vanjaar weer 'n groot trekpleister is nie.

'n Feesgunsteling, die caipirinha-stalletjie ten bate van Nelspruit Hospice, is ook vanjaar weer terug. Volgens

hospice-woordvoerder Mary Labotschy is dit vanjaar die negende jaar wat die stalletjie deel is van die Innibos-feesvieringe. "Dit is ons grootste fondsinsameling vir die jaar en ons is dankbaar vir die geleenthed om dit elke jaar


te doen."

Ander gunstelinge soos die Jägermeister-trok en Brutal Fruit se *slush puppies* is ook weer terug.

Volgens Karin Erasmus van Pro-Life skenk die Brutal Fruit-stalletjie aan hulle fondse vir die organisasie. "Die fees betaal ons 'n vaste bedrag om hier te werk en ons stel dan vrywilligers aan wat beteken dat ons die geld vir die organisasie kan gebruik," vertel Erasmus.

Die ander watergate by die fees sluit in die Windhoek- en Castle-biertent reg langs die Laevelder-verhoog en die Van Lovern- en Bosmôl-wyntuine.

Gaan geniet gerus jou gunstelingdrankie by enige van die watergate en probeer ook die feesgunstelinge.



**Ander gunstelinge soos die Jägermeister-trok en Brutal Fruit se *slush puppies* is ook weer terug**



Feesgangers les hulle dors met die gewilde caipirinha-mengeldrankie. Gordunizha Abrahams, Nico Botha en Susan Clegg is gaande daaroor.



Die Jägermeister-trok se span: MJ Compton, Annandré Lessing en Claudine Kollner.



Sonet Goosen en Mary Lebotschy van Nelspruit Hospice.



Karin Erasmus van Pro-Life.



Die gehoor sit in vervoering met Wian se optrede.



Talle feesgeeste het Wian Magician se produksie bygewoon.

## Wian laat oud en jonk in verwondering staar

**Arisa Janse van Rensburg**

'n Tikkie towerkuns het nog nooit skade gedoen nie en die wonder daarvan is beslis nie net vir kinders beskore nie.

Dit is bewys by Woensdag se vertoning van Wian Magician by die Cell C Boma-kuierteater. Wian het die gehoor in vervoering gehad met sy kaartkulkuns en vinnige vingers en hy het van oud tot jonk op die verhoog saam met hom vervaalkom.

Wian het in 2015 tot die finale van *South Africa's Got Talent* deurgedring en toer sedertdien deur die land. "Ek doen soveel as moontlik feeste en optredes,"

sê Wian wat nou 'n voltydse kulkunkunstenaar is.

Hy het ook onlangs in Tanzanië getoer en Suid-Afrika ook beter leer ken.

"Ek doen ook baie korporatiewe funksies en is baie opgewonde daaroor," vertel Wian met 'n groot glimlag op sy gesig. "Hierdie fees is egter vir my 'n absolute hoogtepunt."

Wian stel sedert die ouderdom van 15 in towerkuns belang en is besig om sy droom te leef.

Met sy humoristiese verhoog-persoonlikheid en puik vaardighede is hierdie jong kunstenaar beslis een om dop te hou.



Wian Magician besig met sy toertjes.



Die eensame en hartseer krokodil (Anrich Ellof) het heelwat simpatie gekry.



Miné Nel, Dané Brewis en Amelia van Rensburg maak gereed om die Kinder Storie-krôl aan te verken.



Die muis wat hom kastig so dapper gehou het, se regte naam is Kalib Salzmann.

## Geliefde kinderstories rol by kleinspan se krôl



Erize de Lange maak die storie van 'n eensame lappo lewendig vir die kinders.

Mariana Balt

Uit die kake van 'n eensame krokodil, tot op die ashoop waar hulle 'n tranerige lappo uit haar ellende kon help verlos - dis waar kinders tussen twee en agt jaar oud, elke dag om 11:00 en 14:00 kan gaan krôl.

Die banges kan gratis deur ouers vergesel word, maar gelukkig is daar ook genoeg geesdriftige helpers wat die kleintjies wys hoe om niks van die volle kringloop mis te loop nie.

Want behalwe die krokodil en die lappo, kan hulle ook met drie rowwe rammetjies en 'n kastige dapper, maar eintlik meer groot-praterige muis kennis maak.

Die kleinspan stap op 'n veilige terrein 'n paar treë tussen vier verskillende tente waar die stories aan hulle voorgelees word terwyl

die helde van elke verhaal self hulle verskyn maak.

Elke "tent" is 'n fantasiewêreld op sy eie en beeld natuurlik die omgewing waarin die verhaal afspeel, uit.

Ouers wat nie hul kinders wil vergesel nie, kan net langsaan by die koffiewinkel omspan. Hulle is ook welkom om die kleingood agterna vir 'n tydje daar te los, terwyl hulle dark gou na 'n gesprek wil gaan luister of die Boeke-oase wil besoek. Dit kos dan R20 per kind en die kleingood kan rustig in die storiedorp sit en teken of inkleur.

Die Kinder Storie-krôl word daagliks by die ATKV-Boeke-oase by Nelspruit Hoërskool Kultuursentrum deur Marlene du Toit van Mosaïk Opvoedkundige Sentrum aangebied en kos R82 per kind. Die reis deur die storiedorp duur ongeveer een uur.



Die eensame lappo, alias Gabrielle Groves.

**VAN HEERDEN**  
Family Pharmacy  
Familie Aptiek

ONAFHANKLIKE APTEEK NETWERK

script savers

	A Vogel Echinaforce 50ml	110 <sup>00</sup>
	Revite Magnesium Slow Release Tabs 100	80 <sup>00</sup>
	Tibb Septogard Tabs 60's	105 <sup>00</sup>
	Letibalm Repair 10ml	55 <sup>00</sup>
	Letibalm Repair Balm Jar	55 <sup>00</sup>
	Entiro Caps 30's	125 <sup>00</sup>
	Oscillococcinum Vials 6's	116 <sup>00</sup>
	Tibb Winter Flu Pack	209 <sup>00</sup>
	Mybulen Tabs 30's	70 <sup>00</sup>
	Colchicine DS Aspen 1mg 6's	30 <sup>00</sup>
	Lessmusec Caps 30's	40 <sup>00</sup>
	ACC 200 Effervescent 25's	79 <sup>00</sup>
	Corenza C Eff 10's	63 <sup>00</sup>
	Advil CS Cold and Sinus Tabs 20's	68 <sup>00</sup>

**JOU winter keuse WEN**  
**R10 000 Weekliks**

**NELSPRUIT (Sonpark)**  
- 013 741 1103/4

**NELSPRUIT (Westend)**  
- 013 745 7160

**SABIE**  
- 013 764 1268/9

Kom proe gratis koeksisters en stem vir jou Hulett's Koeksister Kampioen 2018!

Daagliks vanaf 1 - 4nm



**Taste & Vote**





# Die gordyn het nog nie oor musiekteater gesak

**Paul Boekkooi**

*Uit die Bloute* deur Eugène Marais, verwerk deur Ilse van Hemert  
Met: Paul du Toit, Jenna Dunster, Lizanne Helberg, Leon Ecroignard, Jahn Beukes, Pyjama Shark  
Regie: Henrietta Gryffenberg

Onder die vroeëre stukke musiekteater in Afrikaans tel *Uit die Bloute* as een van die sterkste prototipes van dié destydse nuwe genre: musiekteater. Met die dig-en verhaalkuns van Eugène Marais as grondslag, het die regisseur Ilse van Hemert in die middel-1990s daar mee begin eksperimenteer om met musiek en klank wat deur 'n verskeidenheid van instrumente voortgebring kan word, die bakens van teater te verskuif.

Die destydse produksie hiervan onder haar regie, het die woord, getoonsette gedigte en klank uit die natuur wat deur die mens se grenslose inspirasie en fantasie rondom musiekinstrumente voortgebring kan word, as synde 'n nuwe genre saamgesmee - een wat sedertdien helaas te selde aan verdere ontwikkeling blootgestel is.

Eugène Marais self was sy tyd vêr vooruit en was reeds in die vormingsjare van Afrikaans iemand wat op die voorpunt van die taal se ontwikkeling gestaan het - byna soos 'n geniale seun wat sy puberteit bereik het en vir wie nuwe én oorspronklike ontdekings rondom die lewe wink.

Gryffenberg se konsepse en regie laat die magiese elemente van die destydse *Uit die Bloute*-produksie glorieryk herleef, terwyl die musikale aspek - nog steeds in die hande van Lizanne Helberg-Barnard wat vir 11 toonsettings van Marais-gedigte veantwoordelik was - 'n omvattende verskeidenheid van ekspressiewe en merendeels hartrroerende liedere, wat die sfeer van elkeen omvou, na vore bring.

Twee van Marais se prosastukke, "Die Lied van die Reën" ("n Koranna-dwaalstorie) en Salas Y Gomez, word op die verhoog deur Paul du Toit,



Paul du Toit en Jenna Dunster tree op in die debuutstuk *Uit die Bloute* in die Nelspruit Stadsteater tydens die Innibos Laeveld Nasionale Kunste fees in Mbombela, Woensdag 27 Junie. Die musiekteaterstuk is 'n herlewing van die lokettreffers van 1996 met gedigte en stories van Eugène Marais. Foto: Mia Louw/Innibos

Jenna Dunster en 'n paar newekarakters gedramatiseer. Met die hulp van beligting, klankeffekte en die perfekte sinchronisering van die spraakritmes wat ondersteun word deur die reeds genoemde "agterdoek" van lewendige klanke.

Eersgenoemde verhaal sluit aan by Marais se hoogs ontwikkelde kennis van die natuur. Ook die karakters wat hy geskep het om die omvangrykheid daarvan magies te verwoerd verenig alles in aangrypende visuele moontlikhede wat waarskynlik reeds in Van Hemert se oorspronklike regiekonsep gestalte gekry het. Min verander omdat dit destyds al

tydlose kwaliteite uitgedra het.

Paul du Toit en Jenna Dunster speel die meerder rolle met 'n jeugdige vitaliteit wat myns insiens perfek aanpas by die verbeeldingsryke skrywer se grenslose visies - veral rakende die ekspressiewe ryheid en mikpunte rondom kennis wat hy in sy verhale aan lesers wou oordra.

Die emosionele spektrum wat albei van hulle in hulle spel oor die voetligte dra, word standhouend verryk, geskakeer en genuanseer deur wakker en verfynde gesigspel en liggaamstaal.

*Uit die Bloute* herinner ons aan die evokatiewe sy van Marais se intellek,

sy sin vir die estetiese, sy onbetwiste empatie en medemenslikheid, maar ook sy donkerder en pessimistiese buie.

Almal wag seker intuitief daarvoor, maar dit was 'n verligting (dalk net ter wille van volledigheid!) dat meér as slegs die sinsnede "n druppel gal in die soetste wyn" 'n staanplek ook in dié aanbieding kon vind.

- Vandag om 18:00; Vrydag om 20:00 en Saterdag om 10:00 in die Nelspruit Stadsteater. Tydsduur: 90 minute. Prys: R142.




## Wie se koeksister gaan koning kraai?

**Arisa Janse van Rensburg**

Die stroop drup en blink al van vroegoggend af soos die koelkaste met koeksisters een vir een oopgemaak is.

Daar heers 'n groot opgewondenheid by die kykNET-Leefverhoog want dit is weer tyd vir die jaarlikse Hulets Koeksisterkompetisie.

**'Elke finalis moet 3 300 koeksisters bak wat in koelkaste hierheen gebring word'**



"Dit is 'n landswye kompetisie," verduidelik Hulets-woordvoerder Andanté Wiehahn. "Mense vanuit alle oorde skryf in en hulle koeksisters word dan deur verskeie mense geproe."

Daar word drie finaliste gekies wat die geleentheid het om hulle koeksisters by die fees te kom voorgesit. "Elke finalis moet 3 300 koeksisters bak wat in koelkaste hierheen gebring word. Feesgangers kry dan die kans om dié lekkernye te kom proe en vir hulle gunsteling te stem."

Die baasbakster agter die koeksister met die meeste stemme word Saterdagavond aangekondig en die wenner ontvang 'n allemlintige R100 000.

Elke middag om 15:00 vind daar ook 'n Hulets-demonstrasie by dieselfde venue plaas.

Woendagmiddag het Koekedooren wenner Mareli Visser die gehoor vermaak saam met die kunstenaars Cindy Swanepoel, Bobby van Jaarsveld, Hannelie Warren en Rina Nienaber terwyl hulle Belgiese wafels op die verhoog bak.

Gaan proe gerus en stem vir jou gunstelingkoeksister.



Cindy Swanepoel, Bobby van Jaarsveld, Mareli Visser, Hannelie Warren en Rina Nienaber. Foto: Hulets



Franja du Plessis.

# Kuierverhoë bied weer puik musikale vermaak

Baljaar regdeur die dag deur 'n draai by Innibos se vier kuierverhoë te maak. Jy kan die optredes van 'n hele rits puik kunstenaars hier gratis geniet, want dis alles by jou hektoegang ingesluit.

Die Arena-verhoog is regoor die Standard Bank-hoofverhoog op die boonste veld, die kykNET-Leefverhoog is in die Bosmôl, die Bosverhoog is net wes van die hoofarena en jy sal die KMI Airport-verhoog in die kunsmark kry.

Elke verhoog het sy eie unieke atmosfeer. Jy kan 'n rukkie kuier terwyl jy aan feeskos smul of 'n koue enetjie wegsluk of net vir 'n paar minute sit tussen jou omswerwinge.

Vandag kan jy tussen 11:00 en middernag na die volgende kunstenaars en vele meer gaan luister:

- Bosverhoog - Jennifer Zamudio, Geraldine Scholtz, Beeskraal, John Rock Prophet en Willem Botha.

- Arena - Arno Jordaan, Sorina, Joe Foster, Wynand en Chereeé, Bad Peter en Ampie.

- kykNET Leef - Wicus van der Merwe, Franja du Plessis, Deon Groot, Arno Jordaan en Tussen Sterre.

- KMI Airport - Jannie Moolman, Jan Rhaap, Lee Scott, Kevin Leo, Pieter de Villiers, Hardus Hartzenberg en Wolwe-Dans.

Besoek gerus innibos.co.za vir die volledige terreinprogram of kry een by die hek.



Aampie.



Geraldine Scholtz.



Lee Scott.



Joe Foster.



## HATFIELD PRETORIA

WALKING DISTANCE FROM TUKKIES / LC DEVILLIERS CAMPUS / GAUTRAIN AND CENTRAL HATFIELD

STATE OF THE ART SECURITY / BIOMETRIC ACCESS

ON SITE RESTAURANT / LAUNDRY / CLEANING SERVICES

SMS NAME AND  
NUMBER TO  
**082-373-8620**  
**082-416-2514**  
OR EMAIL  
[CZP@CZP.CO.ZA](mailto:CZP@CZP.CO.ZA)

## RIETVALLEI MANOR PRETORIA EAST

46 EXCLUSIVE UNITS - DOUBLE & SINGLE STOREY  
CONVENIENT ACCESS TO R21 / N1 (avoiding traffic)  
BUILT ACCORDING TO PURCHASER SPECIFICATION



**duncan court** RIETVALLEI  
TRENDY LIVING MANOR



# Innibos Bosmôl-kopies sal elke beursie pas

Arisa Janse van Rensburg

Waar sou 'n persoon rye en rye goedere van regoor die land in die middel van die bosveld kry? By die jaarlike Innibos Bosmôl, natuurlik.

Feesgangers kan vanjaar uitsien na 'n verskeidenheid produkte van handgemaakte skoene, seep en speserye tot ingevoerde klere en serpe.

Johan Steyn en sy vrou Maritza vier vanjaar hulle negende Innibos met hulle sweepstalletjie. Vanjaar is egter baie spesiaal vir die Steyn-gesin aangesien Johan sy 9 000ste sweep by die fees uitstaal en ook verkoop. Hy het ook die persoon wat tot vandag toe die etikette vir sy swepe maak nege jaar gelede by die fees ontmoet.

Die wenner van die AfriVriendelik Tinteltongoekenning, IsMozBos-seepprodukte het ook hulle voorraad by die fees kom uitstaal. Hierdie bosseep is 'n stukkie bosveldbedryf waarmee jy op reis kan gaan of selfs by die huis kan gebruik om muskiete af te weer en jou te herinner aan die reuke van die bosveld.

Vir sommige merk Woensdag ook hulle debuut by die fees. Die stalletjie Kokos is een. Die stalletjies verkoop handgemaakte skoene van leer en materiaal al die pad van Harrismith.

Ander uitstallers kom van Mosselbaai, Pietersburg en Pretoria.

Met spesiale aanbiedinge is vanjaar se Bosmôl 'n fees vir die oog en vir die beursie.



Herci Smit beman sy oom, die kunstenaar Gerrit Smit, se stalletjie.



'n Verskeidenheid olies is te koop.



Theresa Michaels en Marlett Steyn van Silhouette wat damesklere van regte katoen verkoop.



Kiara Bramley werk by die Kokos-stalletjie.



Die Venter-gesin van Gauteng Olives: Anri, Petrus en Riana.



Die IsMozBos-stalletjie.



Gesellig om die tafel met stories, geskiedenisfeite en konsertinamusiek. Oudgeskiedenisproffies, Fransjohan Pretorius en Louis Changuion met die gespreksleier, Annemarie van der Walt en musikant Ricus Nel.

## Oorgenoeg rooiwyn en geskiedenis aangebied

Marius Bakkes

Wat ek van Innibos hou en geweldig waardeer is die juwele op die kantlyn. Wanneer die gedreun op die feesterrein te veel word, is daar altyd tale rustige gesprekke en kleinkuns waar 'n mens kan aansit en luister. Nie dat ek ooit die raserige kern van Innibos sal afskiet nie want dit sorg vir massapret en finansier die pitkos.

Een hiervan was Woensdagdag se gesellige *Storievuur* by die kultuurcentrum by Hoëskool Nelspruit toe twee belangrike geeste op die geskiedenistoneel koppe bymekaar gesit het en bietjie feite gestel het rondom mites uit

die plaaslike verlede - veral die sogenaamde Kruger-miljoene en oor gebeure rakende die Anglo-Boereoorlog hier in die ou Oos-Transvala.

Geskiedenisproffies Fransjohan Pretorius en Louis Changuion is ou studentemaats, vakgenote en albei vermaaklike feitlike vertellers. Annemarie van der Walt, wat vanjaar weer verantwoordelik was vir die boekengeboue by Innibos, het die gesprek geleid. Een van die gasmusikante die jaar by Innibos, Ricus Nel, het eers heel mooi maar volledig onvanpas "Gypsy Woman" gesing. Toe die manne op 'n stadium bietjie asem skep, het hy beter verstaan waaroor die aand

gaan en sy konsertina uitgehaal met bietjie boeremusiek wat jolig tot die atmosfeer bygedra het. Ag, en sy kampvuurliedjie daarna was ook heel lekker.

Maar dit was die twee deurwinterde historici wat die vol gehoor geboei het - aartsvertellers wat mekaar naatloos aangevul het. Natuurlik het die gesprek veel langer as die bepaalde tyd geduur.

Bottels goeie Zandvliet-rooiwyn, ingesluit by die prys en mildelik beskikbaar, met konkvature in die agtergrond het eintlik gevra vir 'n veel langer aand. Moontlik maak die organiseerders van Innibos aanstaande jaar wees so. Sorg dat jy dit nie weer misloop nie.

## Word weggevoer deur 'n popster se soek na roem



**Dis heerlike teater waar jy die een oomblik skater van die lag, en die volgende oomblik ongemaklik rondskuif oor die vreemde wese waarin sy verander**

Alita Steenkamp

'n Platsak popster uit die negentigerjare, Afrikaanse lirieke wat protesteer onder paarrym, oorbekende doef-doefklanke en 'n selfoon teen die oor... Dis wie jy ontmoet wanneer Simoné Nortmann as Nina van Zyl in Los Asseblief 'n Boodskap op die verhoog stap.

Onder haar arm dra Nina 'n lewensgroot kartonfoto van haarself. Maar moenie enige vrees koester nie. Simoné is geensins van plan om haar suksesvolle loopbaan as akteur te verruil vir die van 'n popster wat roem najaag nie.

Simoné het 'n hele paar jaar gelede haarself as akteur gevestig in die sepie 7de Laan waar sy die rol van die skooldogter, Nadia Croukamp vertolk het. Sy was ook reeds in rolprente soos Vir die Voëls, Wonderlus en Stroomop en die komedie Hotel op kykNET te sien.

Simoné is egter net so tuis op die verhoog soos voor die rolprent- en televisiekameras en het ook heelwat ervaring van kabaretteater. Voor jou oë word sy die onseker en verwelpte popster wat op soek

is na 'n nuwe geleenthed om Suid-Afrika se volgende Britney Spears te word. Innibosfeesgangers kry vanjaar net 'n voorsmaak van haar eenvrouvertoning, Los Asseblief 'n Boodskap, wat beskryf word as 'n tragikomiese avontuur. Die stuk het verlede jaar op Aardklop gedebuieer. Dit word aangebied in die Cell C Boma-kuierteater op die feesterrein.

Selfs sonder kostuums en met net minimalistiese dekor slaag Simoné daarin om die gehoor mee te voer na die leefwêreld van die oppervlakkige Nina van Zyl.

Dis heerlike teater waar jy die een oomblik skater van die lag, en die volgende oomblik ongemaklik rondskuif oor die vreemde wese waarin sy verander.

Die teks is geskryf deur Louis Roux, en Maude Sandham het die regie behartig. Los Asseblief 'n Boodskap is nog om Donderdag 28 Junie om 15:00 en Saterdag 30 Junie om 16:00 te sien in die Cell C Boma-kuierteater.



## Dié pappa draai nie doekies om nie

**Stefan de Villiers**

To die aankondiger Riaan Loubser akteur en komediant Hannes Brügger as een van SA se snaaksste mense bekendstel, was ek skepties. Daar's die Snorseun Schalk Bezuidenhout, en selfs Leon Schuster by vanjaar se fees?

Maar, die sogenaamde punk in plakkies het met sy energieke lewering van 'n siniese blik op ouerskap, toe welliswaar daarin geslaag om Riaan se stelling nie net te rugsteun nie, maar te versterk. Hannes het gister sy eerste, effens verkorte aflawering van *Wie's Jou Pappa?* in die Cell C Boma-kuierteater aangebied. Met stories waarmee elke nuwe ouer,

voornemende ouer, grootouer en mense met ouers kan vereenselwig, laat hy die gehoor skater. Let egter daarop dat hoewel hy dit bes moontlik bo die belt en tong in die kies hou, sy tong soms glip. Die jongspan moet dus vir dié 40 minute liefs by Woelwater inboek of 'n draai by die pretpark gaan maak. Hy draai nie doekies om oor die vrese, vreugdes, frustrasies en verantwoordelikhede van pa-wees nie. Behalwe vir die slaapontneming wat so erg raak dat hy OppiKoppi toe was om slaap in te haal, is die konstante kompetisie met ander ouers veral frustrerend.

"Elke keer voor my reus van 'n swaer kom kuier, maak ek 'n klein vuurtjie langs die wasgoeddraad en braai wors, niks te groot nie, net sodat my klere na braaivleis kan ruik

met sy aankoms. Maar dan haal hy my uit oor ek met brikette braai - 'n mens kan net nie wen nie." En verder weet almal van beter en almal gee raad wat jou teen die mure wil uitdryf.

In die eerste trimester, in 'n oomblik van swakheid, het hy 'n WhatsApp-groep genaamd Vriende en Familie gestig om almal op die hoogte tehou van die swangerskap. "Ek was dadelik spyt," sê hy. Die konstante gevra of die baba al hier is, het hom mal gehad, nadat hy reeds gesê het hy sal hulle laat weet sodra sy gebore is... "Dan kom die string WhatsApp-gesiggies," maar sonder om te veel te verklik, gaan maak gerus 'n draai by die kuierteater, vandag om 12:00, mōre om 13:00 en Saterdag om 11:00.



## TOTAL REINFORCING SOLUTIONS

to construction, civil, mining and engineering markets, including  
the supply, cut, bend, delivery and wiring into position of steel reinforcing

419450R

### PROUD SUPPLIERS OF:

- Reinforcing steel
- Reinforcing mesh
- Angle iron
- Round tube
- Square bar
- Square tube
- Fixing of steel
- HR sheets & plates
- CR sheets
- BRC -Thru Fence
- Brick force
- Window sections
- USB green
- Structural steel



**#RSC**

5 Meidlinger Street, Industrial Site, Nelspruit

Tel: 013-753-2141/2

[nelspruit@rsh.co.za](mailto:nelspruit@rsh.co.za) / [www.rsh.co.za](http://www.rsh.co.za)



## DONDERDAG 28 JUNIE 2018

07:30	RSG Monitor Regstreekse uitsending	ATKV-Boeke-oase	30 minute	Gratis
09:00	Kinder Boeke-krôl	NHS Kultuursentrum Grasperk	60 minute	R82
09:00	Winter Wonderland	I'Langa Mall Ice Rink	40 minute	R82
09:00	3 susters	Laeveld Laerskool	90 minute	R142
10:00	Drie van die Bestes – 20 jaar later	Nelspruit Hoërskool Ouditorium	90 minute	R142
10:00	Kleedkamer Blues	Nelspruit Stadsteater	120 minute	R142
10:00	My man se skelmpie se skelmpie se vrou	Lowveld High	130 minute	R152
10:00	Die reuk van appels	Nelspruit Laerskool	90 minute	R142
10:00	Mike en Mavis	Bergland Laerskool	60 minute	R142
10:00	Boekgesprek: Chanette Paul en Bets Smith	ATKV-Boeke-oase	60 minute	R32
11:00	Stok	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
11:00	Vaselineitje	kykNET Bosbioskoop Feesterrein	103 minute	Gratis*
11:00	Kinder Storie-crawl	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	R82
11:00	Koning Karel Skilpad	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
11:00	Kunsrondeleiding deur Johan Myburg	Nelspruit Burgersentrum	60 minute	Gratis
11:30	Aspire Kunsfilmvertoning	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	Gratis
12:00	Op my eish! – Neels van Jaarsveld	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
12:00	Spar Aktiwiteit	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
13:00	Buster en Bella	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
13:00	Sappi Boeke-crawl	Busoptelpunt NG Westergloed	240 minute	R302
13:00	Wie's jou pappa? – Hannes Brümmer	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
13:00	Media24 Kosdemo – Esther Malan	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	Gratis
13:30	RSG Spektrum Regstreekse uitsending	ATKV-Boeke-oase by NHS	30 minute	Gratis
14:00	Slaaf	kykNET Bosbioskoop Feesterrein	24 minute	Gratis*
14:00	Kwêla-gesprekke met Hannes van Wyk	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
14:00	Die draak en die nar	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
14:00	Dowwe Wicus en Dolla van der Merwe	Laeveld Laerskool	70 minute	R142
14:00	Lizz Meiring – Met ander woorde	Bergland Laerskool	70 minute	R132
14:00	Kinder Storie-crawl	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	R82
14:00	Aspire Kunswaardering	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	Gratis
14:45	Soos gister	kykNET Bosbioskoop Feesterrein	24 minute	Gratis*
15:00	Sappi Boeke-crawl	Busoptelpunt NG Westergloed	240 minute	R302
15:00	Media24 Gespreksreeks – Afrikaanse Komedië	ATKV-Boeke-oase	60 minute	Gratis
15:00	Hulett Koeksisterkompetisie	kykNET Leefverhoog Feesterrein	45 minute	Gratis*
15:00	Los asseblief 'n boodskap	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
15:00	Kizzoo – My nuwe wêreld	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
15:30	Die Onderspit	kykNET Bosbioskoop Feesterrein	24 minute	Gratis*
16:00	Wian Magician	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
16:00	Hulett Koeksisterkompetisie	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
16:00	Skerm	kykNET Bosbioskoop Feesterrein	12 minute	Gratis*
16:30	Sweet 'n Short	kykNET Bosbioskoop Feesterrein	90 minute	Gratis*
17:00	David Dee	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
17:00	Sappi Boeke-crawl	Busoptelpunt NG Westergloed	240 minute	R302
17:00	Dis 'n Weskusding	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
18:00	Klassieke Kamers	Church Unlimited	180 minute	R167
18:00	Antie Pohl	Bergland Laerskool	70 minute	R142
18:00	Nêrens, Noordkaap	Laeveld Laerskool	75 minute	R142
18:00	Uit die bloute	Nelspruit Stadsteater	90 minute	R142
18:00	Rocco de Villiers – wees net jouself	Nelspruit Hoërskool Ouditorium	90 minute	R162
18:00	Skoonlief en die Ondier: 'n Whisksprokie	NHS Seunskoshuis	75 minute	R142
18:00	kykNET NOU! konsert	Standard Bank-verhoog Feesterrein	240 minute	Hektoegang
18:00	'n Gewigtige saak	Lowveld High	75 minute	R132
19:00	Soebatsfontein	Nelspruit Laerskool	65 minute	R142



**30 AUGUST  
- 1 SEPTEMBER  
2018**  
**MBOMBELA STADIUM**

**AGRICULTURE & WILDLIFE | ENERGY  
FORESTRY | MINING | TOURISM & OUTDOOR**

**FEATURING**

4x4 Course and Exhibit

Carnival Parade

Amusement Park

Archery Hunting and  
Outdoors

Livestock Exhibit

Motorbike Stunt Shows

Strong Man

Wrestling

Rugby Match

Pumas vs WP

Musical Concerts

Country and Western  
Evening

National Wood Carving

Competition

Art @ the Stadium and

Wine Garden

Food stalls and Beer tents

Farmers Arena

**WILDLIFE  
ON SHOW**

Birds of Prey

Wildlife Talks

Crocodile Dunk Tank

Camel Rides

Chickens

Flight Pigeons

Goats and Sheep

Milking Shed

400 Exhibitors and more

**ENTERTAINMENT**

Campbells

Allan Ladd

Wynand &amp; Cheree

Long John

Dr. Victor

Nicholis Louw

Emo

Refentse

Jay

Lianie May

**COMPETITIONS  
NEW EXPERIENCES**013- 753- 3622 [www.mpushow.com](http://www.mpushow.com) [yolande@mpushow.com](mailto:yolande@mpushow.com)

**CITY OF MBOMBELA**  
THE ULTIMATE DESTINATION